automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

DUITSE SKOUHOOF IN SY SKIK MET REAKSIE OP EERSTE AUTOMECHANIKA SUID-AFRIKA-SKOU

Detlef Braun, die bestuursraadsvoorsitter van die reuse Messe Frankfurt-skou-organiseerders, was in sy noppies met die skitterende steun vir die eerste Automechanika Suid-Afrika-voertuig-naverkopeskou, wat die maatskappy se eerste toetrede tot die Suid-Afrikaanse mark was.

Braun, wat Woensdagaand (18 Maart) by die openingsgeselligheid by die Expo-sentrum gepraat het, het gesê hy beskou die gees waarin die uitstallings aangepak is, as “baanbrekerswerk, omdat dit veral in die heersende omstandighede uiters moeilik is”.

Hy het verwys na die feit dat die reaksie die verwagtinge met meer as 400 uitstallers uit 20 lande ver oortref het, terwyl die mikpunt vir hierdie eerste byeenkoms net 250 uitstallers was. Die bruto verkoopte uitstalruimte van 25 000m^2 was ook verreweg ’n nuwe rekord vir ’n inlywende Automechanika-bedryfskou sedert die handelsnaam die internasionale arena sowat 10 jaar gelede betree het.

Braun het gesê dit het lank geneem om Automechanika na die vasteland van Afrika te bring nadat Messe Frankfurt, wat die Automechanika-handelsnaam besit, die Suid-Afrikaanse voorstel evalueer het. Trouens, onderhandelinge het 18 maande geduur en dit het nog 15 maande geneem om die eerste Automechanika Suid-Afrika-bedryfskou gereël te kry nadat die kontrak onderteken is.

“Dit is wonderlik om te sien dat ons vertroue in ons vennote, Dogan Trading, geregverdig was,” het die Messe Frankfurt-grootbaas gesê. ”Ek moet sê hoewel ons hul vermoë ten volle vertrou het om ’n skou van wêreldklas aan te bied binne die tydperk nadat die kontrak onderteken is, dit nou wonderlik is om te sien dat ons vertroue in die kol was.

“Buiten die professionalisme van ons vennote, is ons ook in ons skik met die uitstekende steun wat die bedryfskou uit die verskillende bedryfverenigings in Suid-Afrika geniet en die aandag wat dit van kenners in die naverkopesegment van die land ontlok het.

“Die uitgebreide belangstelling wat die media getoon het – hier in Suid-Afrika sowel as in Duitsland – het vir ons by Messe Frankfurt vir bykomende motivering en momentum gesorg. Om in hierdie omstandighede sulke baanbrekerswerk te doen, is ’n genotvolle ervaring,” het Braun gesê.

“Ek weet dat die uitdagings om aan Automechanika Suid-Afrika deel te neem, vir baie uitstallers nie so maklik was nie en ons waardeer die feit dat so baie uitstallers besluit het om deel van hierdie geskiedkundige eerste byeenkoms van sy soort op die vasteland van Afrika te wees. Dit is nou reeds een van die belangrikste nuweling op die internasionale skoukalender en -landskap.

“Ons is uiters beïndruk met die groei, die energie en die potensiaal van al die Suid-Afrikaanse markte en die land se mense. Ons doel is om ’n professionele internasionale platform vir die voertuigsektor in Johannesburg op die been te bring, wat interaksie tussen nasionale en internasionale voertuigmaatskappye sal bevorder.

“Dit is ’n platform wat ’n doeltreffende wegspringpunt vir Suid-Afrikaanse maatskappye in ander wêreldmarkte kan wees, en baan vir internasionale maatskappye die weg na die plaaslike mark. Suid-Afrika het steeds ’n groot groeipotensiaal vir die voertuigbedryf, wat beteken dat Automechanika Suid-Afrika ook realistiese hoop vir toekomstige groei inhou, veral wanneer die wêreld-ekonomie begin herstel.

“Ek wil veral graag ons vennote van Dogan Trading bedank en ook ’n groot dankie sê vir Philip Otto, Pula Dippenaar, Andrew Mthembu, Craig Newman en Raymond Burke. Julle en jul span het uiters professioneel te werk gegaan om ’n byeenkoms te reël waarop julle met reg trots kan wees,” het Braun afgesluit.

einde

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za